# Inskrywings

Grade R

Ouers wat reeds leerders in die Laerskool het, kry geleentheid om leerders vir Gr. R in die volgende jaar vanaf 15 Januarie in die huidige jaar in te skryf. 'n Bevestigingsfooi van R800 is betaalbaar met inskrywing. Inskrywings word vanaf 27 Januarie 2020 oopgestel vir die gemeenskap (datum sal bevestig word).

'n Deposito wat dien as Januarie (van die volgende jaar) se skoolgelde is betaalbaar teen einde September van die jaar waarin aansoek gedoen word. Dit is 'n afsonderlike bedrag van R2250.

Skoolgeld is betaalbaar vir 10 maande.
2020 se skoolgeld is R2 030 per maand.

'n Hekkontrole, wat toegang verleen tot die ingang in Zitastraat, 'n Garsie t-hemp, skryfbehoeftes, asook 'n skooltas word sonder verdere kostes verskaf. Ouers verskaf een boks snesies en 'n Afrikaanse storieboek per jaar (Januarie).

Klasindelings van leerders word deur die personeel behartig en ouers kan ongelukkig nie eise/versoeke in die verband, stel nie.

GRAADHOOFDE

| | | |
|---|---|---|
| Graad 1 | Me. L. Gouws | lizel@lsgf.co.za |
| Graad 2 | Me. M. de Jongh | mariza@lsgf.co.za |
| Graad 3 | Me. M. van Niekerk | melissa@lsgf.co.za |
| Graad 4 | Me. A. Bronkhorst | ambronk@lsgf.co.za |
| Graad 5 | Me. A. Botha | anja.potgieter@lsgf.co.za |
| Graad 6 | Mnr. D. Vermeulen | dries@lsgf.co.za |
| Graad 7 | Mnr. F. Kruyswijk | frans@lsgf.co.za |

VAKHOOFDE

| | |
|---|---|
| Afrikaans | Me. K. Visser |
| Engels | Me. C. Maree |
| Wiskunde | Me. C. Britz |
| NWT/Teg | Me. E. Wylie |
| SW | Mnr. F. Kruyswijk |
| EBW | Mnr. M. Bester |
| LO/LV/SK | Me. A. Myburgh |

**SKOOLGELDE: 2020**

Skoolgelde (Graad 1 - 7): R18 490 per leerder, per jaar.

Betaling van skoolgelde kan as volg geskied:

Die skoolgeld vir 2020 sal R18 490 per kind, per jaar beloop.

Betaling van skoolgeld kan op enige van die volgende wyses geskied, naamlik:

**1. Eenmalig**

Volle vereffening van skoolgeld voor of op 7 Maart 2020. Korting van 5% (R924,50) sal dan van toepassing wees. (Let wel betalings ontvang na 7 Maart 2020 sal nie kwalifiseer vir die korting nie.)

**2. Maandeliks**

Betaling in 10 (tien) gelyke maandelikse paaiemente van R1 849 elk, in welke geval eerste betaling voor of op 7 Januarie 2020 en die laaste betaling voor of op 7 Oktober 2020 moet geskied.

**of**

Betaling in 11 (elf) gelyke maandelikse paaiemente van R1 680,91 elk in welke geval eerste betaling voor of op 7 Januarie 2020 en die laaste betaling voor of op 7 November 2020 moet geskied. U moet die skool se Finansieskantoor verwittig indien u hierdie opsie oorweeg.

Betalings kan as volg gemaak word:

- Debietorder (vorm by Adminkantoor beskikbaar);
- Elektroniese betalings;
- Kaartfasiliteit (slegs Visa- & Master-kaarte word aanvaar).

Geliewe daarop te let dat kontantbetalings om veiligheidsredes sover moontlik ontmoedig word.

Direkte inbetalings na:

ABSA Woodlands
Tjekreknr: 3490 146 570
Takkode 362005
Verw: skoolrekeningnommer / Kind se Naam en Van

In terme van wetgewing en regulasies kan 'n ouer, aansoek doen om volle of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld, indien u nie in staat is om skoolgeld te betaal nie. Die formulering vir die kwytskelding word bepaal deur regulasies, soos deur wetgewing voorgeskryf en word nie deur die Beheerliggaam bepaal nie.

Indien ouers aansoek om skoolgeldvrystelling wil doen sal die nodige aansoekvorms vanaf 27 Januarie 2020 by die Finansieskantoor beskikbaar wees. Dit kan by Me Cummings afgehaal word, waarna dit deur die Tesourier verder hanteer sal word.

## SKOOLDRAG EN VOORKOMS

**LEWERANSIER: GRIT PROCUREMENT KLEREWINKEL o**p die skoolterrein.
Navrae: Tanya Grobler – 012 348 1269/2087